Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, September 19, 2021

Page: 16



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

# Aftrede: Beskerm só jou kapitaal

## Samestelling en onttrekkingskoers kan deurslag gee



**Beskerm jou kapitaal met 'n sinvolle onttrekkingskoers; moenie te veel te vinnig uithaal nie.** | FOTO: ISTOCK

Die grootste bekommernis vir baie mense wat by of naby aan aftrede is, is sekerlik, het ek genoeg kapitaal? Gewoonlik wanneer dit te laat is om in te haal.

Die vraag dan is eintlik, hoe beskerm ek dit wat ek het om vir my 'n lewenslange inkomste te verseker?

Laat ek begin met twee foute wat jy moet vermy.

Die eerste is om te konserwatief te wees en al jou geld in 'n sogenaamde veilige belegging te plaas, soos in 'n geldmarkfonds, of by 'n bank. Dis 'n seker resep vir finansiële ellende vorentoe. Inflasie gaan jou verarm.

As jy boonop inkomste moet onttrek, gebeur dit net vinniger.

Die tweede fout is net mooi die teenoorgestelde. Sommige mense besef hulle het te min gespaar en raak dan byna roekeloos met hul geld in die waan dat hulle oornag jare se spaar-agterstand gaan uitwis.

Die regte lewe werk net nie so nie.

### Pasop vir vleisbraaipraatjies

Loop ook lig om jou ore uit te leen. Nie by die vleisbraaivuur nie en nie op sosiale media nie.

Sosiale media het aan selfs die geringste onder ons 'n stem gegee. En dit is goed.

Dit is ongelukkig ook sleg, want dit skep geleentheid vir sommige om hulself te probeer verryk deur finansiële snert kwyt te raak. Soos dat jy al jou geld in die buiteland moet belê.

Praat liewer met 'n finansiële raadgewer, wat jou spesifieke behoeftes en doelwitte in ag sal neem en aanbevelings kan maak wat vir jou gepas is.

Goed, dis die foute en slaggate waarop jy bedag moet wees. Kom ons kyk na hoe bestuur jy jou geld.

Mik vir kapitaalgroei, of jy nou spaar vir aftrede eendag ver in die toekoms en of jy nou reeds 'n inkomste moet onttrek uit jou aftreespaargeld. Die verskil tussen die twee is bloot die gewig wat aan groeibates toegeken word in jou beleggingsportefeulje.

### Onttrek jou geld verantwoordelik

Beskerm jou kapitaal met 'n sinvolle onttrekkingskoers. Die algemene wysheid onder kollegas in die bedryf is so 4% of 5% per jaar van jou kapitaal as jy vroeg in jou aftreejare is, kom ons sê in jou 60's.

As jy oor 70 is, kan jy 'n bietjie meer skep, maar liewer nie meer as so 6% nie.

Wat sê die syfers? Met 'n begin-onttrekkingskoers van 5% en beleggingsgroei van 8% per jaar kan jy jaarlikse inflasieaanpassings van 4% per jaar maak. So kan jy 30 jaar lank aangaan. Eers dan bereik jy die maksimum toegelate onttrekkingskoers van 17,5% per jaar as dit 'n lewende annuïteit is.

Met 'n begin-onttrekkingskoers van 7% bereik jy die 17,5% wetlike perk op onttrekkings reeds teen jaar 21.

Die 5%-begin-onttrekkingskoers is 'n verantwoordelike syfer om mee te werk.

Met 'n lewende annuïteit kan jy jaarliks besluit hoeveel jy vir die volgende jaar as pensioen wil onttrek. Wat jy dus kan doen as die geldnood bietjie begin druk is om in 'n jaar wat jy goeie groei gehad het - daar is meer sulke jare as wat jy besef as jy reg belê het - kan jy bietjie meer onttrek vir die jaar vorentoe.

Die samestelling van jou portefeulje gaan bepaal of jy die onttrekkingskoers kan volhou. Soos ek hierbo gesê het, die geldmark, of selfs al jou geld in 'n inkomstefonds, gaan nie hou nie.

In dieselfde sin is 'n te aggressiewe belegging ook nie goed nie.

Interessant genoeg hier is as jy oor die afgelope 21 jaar al jou geld in buitelandse aandele gehad het, het jou lewende annuïteit nou al prakties sy alie gesien.

Daarteenoor het die Suid-Afrikaanse aandelemark goeie opbrengste gelewer, veral in die vroeë 2000's.

Ons het 'n paar trae jare gehad, maar oor die afgelope jaar weer skitterende opbrengs gelewer. Ek meen die toekoms lyk goed.

### So lyk 'n goeie portefeulje

Kom ons kyk nou hoe lyk 'n goeie portefeuljesamestelling vir 'n lewende annuïteit, wat die tipe opbrengs en inkomste sal kan lewer wat ek hierbo voorstel en jou kapitaal kan beskerm.

Maak seker jy het genoeg aandeleblootstelling. Hoe hoër jou onttrekkingskoers, hoe meer moet jy in aandele belê wees. Jy kan kyk na tot 60% in aandele met my voorgestelde onttrekkingskoers.

Tot sowat 30% daarvan behoort buitelandse blootstelling wees.

Uiteraard kan ek nie 'n voorstel maak wat almal gaan pas nie, dit kan jou raadgewer vir jou doen. Hy of sy kan jou persoonlike omstandighede beter in ag neem. Wat ek voorstel is riglyne; nié reëls nie.

Die belangrikste van alles, naas die punt om nie meer te onttrek as wat jy aan groei kry nie, is om in die mark te bly.

Moenie dat emosie en vrees jou van die wa laat afklim nie. Navorsing wys keer op keer dat diegene wat in die mark gebly het toe dit sleg gegaan het, altyd beter doen as dié wat rondgespring het met hul beleggings.

Laastens, twee geldwyshede: Om die beste kans op groei te kry moet jy in die mark wees; en die grootste groei vind plaas vroeg in die opwaartse kurwe.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.